# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

## No. 18
## Nag van Verskrikking.



braam le roux

Terwyl die geelslang se bolyf en plat kop nog heen en weer wieg, sy kraalogies roerloos styf in sy kop op die hulpelose meisie gerig, blaas 'n pofadder woes onder Amelia wat reg bo-op hom geval het en hom nou so vasdruk dat hy nie kan uit nie. Hy kan net sy plat kop effens beweeg, maar nie genoeg om dit te lig om sy slagtande in haar weerlose liggaam in te slaan nie. Vir dié kans sal hy moet wag totdat Amelia bykom en begin rondspartel om los te kom.



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Slagoffers | 3 |
| 2. | Die Kopslaner | 17 |
| 3. | Tussen Hemel en Aarde | 32 |
| 4. | Alarmkrete | 46 |
| 5. | ,,Ons Het Hom!" | 58 |
| 6. | Die Dobbelspel | 66 |
| 7. | Die Geraamtegat | 82 |


## Hoofstuk 1

## SLAGOFFERS

,,Hanna, gewaar jy nog nie die swart hings nie?" Matthys Duvenhage trap ongeduldig langs sy ryperd rond, terwyl Hanna, met die verkyker voor haar oë, stip kyk na die vaal sandpad waarlangs sy Kobie verwag. ,,Ons moes al laat vat het," voeg hy by. ,,Dis wel warm maar die windjie trek lekker en as ons aanstoot met die diere, kan ons maklik voor donker by Ysterkop wees."

,,Ja," sê sy broer Bertie wat intussen 'n laaste bekertjie koffie weggeslaan en hom by hulle gevoeg het, ,,ek waardeer Kobie se versigtigheid om altyd bietjie verkenningswerk te doen, maar ek dink hy oordryf dit darem. Ek meen te sê, ons het hierdie trop perde en muile doer uit die Roggeveld gebring sonder enige teenspoed, waarom sal ons nou tyd mors? Dis maar seker 241 kilometer of minder na Springbok en as ons die Langeberg deur is. . ."

,,Daar kom hy," onderbreek Hanna sy sin. ,,Hy is self haastig," las sy by.

Terwyl die drie die naderende ruiter dophou, voeg Faan, die derde Duvenhage-broer hom by hulle terwyl die ander drie mans 'n ogie oor die byna 200 perde en 50 muile hou wat hulle teen die rivierwal gedruk het, gereed om te laat vat sodra Kobie opdaag.

,,Opskud, Kobie," roep Matthys uit toe Donker langs hulle vassteek en Kobie rats uit die saal wip. ,,Ons wil so gou moontlik jou vriende op Ysterkop haal, jong, sodat die diere behoorlik kan rus en suip voordat ons die trek na Springbok onderneem."

,,Jy lyk bedruk," merk Hanna op waar sy met Fleur se teuels oor haar arm staan. Sy het Kobie se gesig soos 'n boek gelees en ken daardie klein fronsie tussen sy blou oë maar eens te goed.

,,Matthys, roep die ander drie nader," sê Kobie. ,,Ek wil eers met julle gesels. Ek het nuus raakgeloop wat my ietwat onrustig stem," voeg hy by.

Matthys, wat 'n baie gawe kêrel is solank alles na wens verloop, kan egter vinnig omgekrap raak as dinge nie na sy sin gaan nie.

,,Praat, man," sê hy kortaf. ,,Dekker en Spelleman het geen aandeel aan die trop vee nie—hulle ry saam om die wêreld te besigtig soos jy weet, en omdat hulle ons vriende is. En Tony Spiers, soos jy ook weet, is 'n swerwer-delwer, soos hy sê, en 'n blote avonturier. Die trop vee is my, Bertie en Faan se eiendom en verantwoordelikheid en . . ."

,,En tog seker myne ook in dié sin, Matthys, dat jy en jou broers my dienste gevra het om julle met vee en al veilig op Springbok te besorg," merk Kobie bedaard soos altyd op, hoewel Hanna innerlik

kriewelrig raak oor Matthys se baasspelerige toon.

,,Ja, natuurlik,'' gee hy effens toe, ,,maar wat skeel? Haai,'' roep hy die ander drie ruiters toe, ,,kom hiernatoe!''

Toe almal in 'n kring om hom staan, sê Kobie: ,,Sowat tien kilometer hiervandaan het ek 'n trekboer met 'n klein klompie skape, sy hele gesin en al sy aardse goedjies op 'n bokwa raakgeloop en...''

,,Baie van hulle trek maar so,'' sê Matthys. ,,Hulle soek seker beter weiveld.''

,,Nee, hulle soek veiliger weiveld,'' merk Kobie droog op. ,,Swanepoel, dis die boer se van, vertel dat hy 'n stukkie grond in die Langeberg het, waar hy etlike jare gewoon het, maar dat hy, soos verskeie ander boere van wie hy weet, nou daar wegtrek omdat hul lewens beslis in gevaar verkeer. Om die waarheid te sê, is verskeie boere reeds uitgemoor voordat hulle kon laat vat of wou laat vat.''

,,H'm,'' merk Faan, Matthys se jongste broer op, ,,dit klink nie mooi nie, Kobie. Wie. . .?''

,,Party van die trekboere kan lelik oordryf,'' sê Matthys vinnig, ,,maar gaan aan, Kobie.''

,,Swanepoel kom my nie as een van dié soort voor nie,'' sê Kobie en vervolg: ,,Dit blyk dat ene Isak Meulenaar, 'n Korannakaptein en sy bende, bestaande uit Korannas, Basters, en skorrie-morrie wat hy uit alle oorde bymekaar gemaak het, 'n ware skrikbewind in die Langeberg begin voer het.''

,,Kobie, maar wat soek Korannas so laag af? Dis mos nie hul wêreld hierdie nie.''

,,Matthys, volgens Swanepoel het Isak Meulenaar die wyk uit Suidwes geneem, waarskynlik omdat die wêreld daar vir hom te warm geword het en op sy tog suidwaarts het hy al wat maar wou aansluit, verwelkom. Isak en die meeste van sy volgelinge is glo besonder knap skuts ook en. . .''

,,Kobie wil jy nou hê ons moet skrik vir 'n Koranna-bende?'' roep Matthys vies uit. ,,Ons trek net ongemerk die berg deur en, nou ja, ons laat hierdie Isak Meulenaar en sy kliek in vrede.''

,,Ek vrees jy besef nie die toestand mooi nie,'' gaan Kobie voort. ,,Isak-hulle leef van moord, roof en plunder en sy spioene is feitlik gedurig in die veld op uitkyk na aas. Hierdie trop vee van ons laat 'n stofdamp uitslaan wat jy baie ver kan sien en. . .''

,,Nou goed,'' keer Matthys, ,,dan trek ons in die nag deur die berg en as Isak en Kie hul kraalogies uitvryf is ons skoonveld!''

,,As dit donkermaan was, sou ek sê goed, Matthys, kom ons waag dit, maar dis helder maanskyn snags en. . .''

,,Maar, my liewe man, wat wil jy dan doen?'' Matthys trippel al



weer rond van die ongeduld. ,,Of meen jy miskien ons moet om die berg gaan en 'n ompad van sestig, sewentig kilometer aflê net omdat ene Isak. . .''

,,Dis presies wat ek meen,'' val Kobie hom vinnig en ietwat skerp in die rede. ,,Dis beter om 'n ompad te gaan en jou trop vee en jou lewe te behou as om kortpad te vat en dalk alles te verloor.''

,,Nooit!'' Matthys stamp met sy voet op die grond, kyk na sy broers en vra: ,,Wat sê julle, Bertie en Faan?''

,,Deursteek,'' kom dit van die twee, terwyl Faan bylas: ,,Dit lyk my Kobie word skrikkerig vir moeilikheid.'' Hy glimlag darem vir Kobie om die angeltjie uit sy woorde te haal.

,,Nee, Faan, maar ek glo daaraan om altyd, indien moontlik, die veiligste pad te kies en moeilikheid te vermy, as dit kan.''

,,Dis 'n verstandige houding,'' merk Tony Spiers, 'n vaal skraal Brit met 'n mooi gesig, op.

,,Stil,'' gebied Matthys. ,,Jy het niks te sê nie, Spiers. Kobie, ek is jammer, maar ek vind jou voorstel beslis onaanneemlik. En nou, kom laat ons aanstoot,'' en hy wil in die saal wip, maar Kobie sê sag maar met klem: ,,Matthys julle kan maak soos julle goed dink, maar moenie omdraai en sê ek het julle nie gewaarsku nie. Ek en Hanna sal saam deur die berg gaan maar dan op een uitdruklike voorwaarde!''

,,En dit is?'' Matthys staan met sy een voet in die stiebeuel.

,,Ek en Hanna ry nou terstond vooruit na Ysterkop toe. Ek was meer as 'n jaar laas daar, en die Louws het dalk ook al getrek. Indien nie, sal Piet Louw my waardevolle inligting kan gee. En al het hulle getrek kan ons die wêreld bietjie deurkyk. Julle kan intussen stadig ál hier met die Soutrivier langs aankom. Ons sal julle vanaand of vannag wel raakloop, maar bly langs die rivier, en moenie die bergwêreld self intrek voordat ons by julle is nie. Is dit duidelik?''

,,Ja, solank ons net aan trek bly,'' sê Matthys. ,,Jy sê op Ysterkop is altyd water?'' vra hy agterna.

,,Ja, want Louw woon al by die tien jaar daar en in die tyd het sy water nooit ingegee nie. En die water kan juis meer lewende wesens lok as net dorstige diere, Matthys. En trek asseblief tog net stadig, mense,'' sê Kobie terwyl hy in die saal wip. Toe trek hy en Hanna met Donker en Fleur op 'n stywe galop weg, reguit in die rigting van die Langeberg.

,,Ons kon maar net so goed sonder Kobie klaargekom het,'' merk Faan op toe die twee ruiters uit die gesig verdwyn. ,,Ons het nog geen enkele dag of nag las van vyande of wie ook al gehad nie.''

,,Dis reg, ja,'' gee Bert toe, ,,maar ek wil jou darem een ding sê, Faan: as daar moeilikheid kom, sal ons benoudheid net die helfte

minder wees met Kobie Ras en Hanna Fouché in ons midde."

,,Hou op met babbel en kom," jaag Matthys hulle aan en binne enkele minute beweeg die perde- en muiltrop langs die rivier op, weerskante en agter gedek deur die perderuiters.

Piet Louw het oudergewoonte na die middagete 'n bietjie gaan lê en rus en wou net insluimer toe Amelia, sy 22-jarige dogter die kamer ingestorm kom en onthuts uitroep: ,,Pa, Pa, slaap Pa?" ,,Nee, Melia, wat makeer?" en Piet sit regop op die bed.

Voordat sy kan antwoord, verskyn Miemie, sy vrou, en sy oudste seun, Wynand, ook in die kamerdeur. ,,Isak Meulenaar en sy klomp peste is op pad hierheen," sê Miemie. ,,Hulle kom teen Skuinsrant af. Jy sien net geweers blink in die son Pieter."

Piet lag. ,,Mense en wat daarvan? Dis tog nie die eerste keer dat Isak hier aankom om sy perde te laat suip nie. Hy is seker op pad iewers heen."

,,Op pad om te moor, ja," brom Wynand.

,,Pieter, na die woordewisseling wat jy en daardie Koranna-kaptein 'n paar weke gelede gehad het, bly ek onrustig my man. Jy...."

,,Aag, vrou," en Piet lig hom van die bed af om sy velskoene aan te trek, ,,moenie op hol raak oor niks nie. Isak het sy sin gekry—hy wou vry toegang tot die fontein hê vir sy perde en vee en ek het hom dit gegee. Wat sal hy nou meer wil hê?"

Amelia, wat intussen stilweg kombuis toe verdwyn het om deur die venster na die naderende bende te kyk, maak weer haar verskyning en sê: ,,Pa, hulle het by die fontein verby gery en kom reguit huis toe. Hulle gaan dus nie ver ry nie, anders sou hulle die diere laat suip het, dan nie?"

,,Hoeveel stuks is hulle?" wil Piet weet, terwyl hy sy velskoen-riempies vinnig vasknoop. Sy gesin se onrus steek hom ook aan.

,,'n Stuk of dertig, Pa."

,,Dan is hy nie op kuier uit nie," sê Piet met 'n frons. ,,Isak Meulenaar moet nie aanhou foeter met my nie," brom hy agterna en stap kombuis toe met die res op sy hakke.

,,Ek wens Chris was al by die huis met die beeste," merk Amelia teenoor Wynand op. ,,Ek hou nie daarvan dat hy alleen die beeste moet gaan aankeer nie, Boeta."

,,Miskien maar goed," sê Wynand. ,,Die jong Chris is te skerp met sy mond en hy kan Isak invlieg en dan . . ." Hy los sy sin toe perdepote voor die agterdeur klap en die bende hul perde tot stilstand



ruk.

,,Daar's fout," fluister Miemie vir Piet toe hy by die agterdeur uitstap. ,,Die volk lyk ernstig."

Isak Meulenaar, 'n kort maar breedgeskouerde Koranna met 'n gesig wat, danksy 'n ou meshaal oor die wang, hom besonder wreed laat lyk al lag hy ook, bly op sy perd sit, soos die res, toe Piet uitstap.

Piet ruik nou sterk onraad. Die kaptein het nog nooit in die tyd wat hy hom leer ken het so parmantig op sy perd bly sit nie. Hy het altyd vinnig afgespring en beleef gegroet.

,,Wel, Isak wat skeel?" vra Piet. ,,Hoekom klim jy nie af nie?"

,,Julle moet oppak en trek," kom dit bars. ,,Ek het die grond nodig vir my vee, en die water ook."

,,Met wie praat jy?" Piet Louw se humeur vat vlam. ,,En watter reg het jy wie ook al om my te kom gebied op my eie werf? Ek. . ."

,,Manne, haal oor!" Voordat die gesin nog besef wat gaande is, klik die geweers soos al wat Koranna is, oorhaal en gereed sit om aan te lê.

,,Pieter, bedwing jou," maan sy vrou, wit in die gesig, agter hom.

Wynand stamp aan Amelia langs hom en fluister: ,,Ek gaan 'n geweer haal," maar voordat hy kan omdraai om die huis in te glip, blaf Isak: ,,Die een wat roer sonder my bevel, skiet ek dood. Piet Louw, laai jou wa en trap. Ek gee jou 'n halfuur."

,,Maar . . . maar. . . wat van die vee en. . .?" begin Miemie hakkelend, maar Isak lag luid en hard. ,,Hulle bly hier natuurlik. Toe, maak gou!"

,,Isak," begin Piet toe hy besef dat die kaptein doodernstig is, ,,waarom kan jy en ek. . ."

,,Jy praat te veel," bars Isak tussenin. ,,Die tyd gaan om."

,,Kom Pieter," en Miemie trek aan sy arm, ,,laat ons maar ons goedjies oppak. Dit help nie om. . ."

,,Net jul klere en kos," sê Isak. ,,Die ander goed bly want ons wil die huis afbrand."

,,Wat?" Piet Louw se gesig word wasbleek. Hy bal sy vuiste langs sy sye en dit lyk asof hy Isak op sy perd wil bydam.

,,Piet Louw, nog een woord en jy kry 'n koeël," dreig Isak.

,,Pa. . ." begin Amelia, maar Piet sê bars: ,,gaan help jou ma! Jy ook Wynand. Ek wil vir Isak Meulenaar. . ."

'n Skoot klap en terwyl die rook by Isak se geweerbek uitslaan, vou Piet Louw inmekaar met 'n koeël deur sy borskas.

,,Jou moordenaar. . . " begin Wynand, maar ook hy kry nie kans om sy sin te voltooi nie. 'n Tweede skoot vel hom neer.

,,Skiet die ouvrou," gelas Isak, ,,maar vang die jonge!" en terwyl

skote dreun toe Miemie uitgehardloop kom om te kom kyk wat die skietery beteken, spring 'n klomp uit die saal en storm op Amelia af, wat, geweer in die hand, by die venster verskyn en lostrek onder die vyand.

Voordat sy egter 'n tweede skoot kan los gryp hande haar.

,,Maak haar vas,'' gelas Isak en toe Amelia hulpeloos op die grond lê, sê Isak: ,,Steek die huis aan die brand, manne!''

,,Kaptein, waar's die ander seun?'' vra een.

,,Seker by die beeste in die veld. Julle twee,'' en hy wys na twee van sy volgelinge, ,,bly hier nadat ons weg is en wag die seun in. Skiet hom dood en bring die vee huis toe. Arrie,'' en hy klap met sy tong tussen sy dik lippe, ,,Ek het lankal my oog op jou, witmeisie. Isak Meulenaar het 'n jong vrou baie nodig.''

Amelia maak haar mond oop om iets te sê, maar haar keel is so droog dat sy nie 'n geluidjie kan uitkry nie. Toe Isak haar met een swaai voor op die saal lig en self agter opspring, sak 'n genadige floute oor haar neer, en sien sy nie hoedat die eerste vuurtonge in die huis opslaan nie.

Nog voordat Isak met sy gevangene teen Skuinsrant uit ry, stort Piet Louw se grasdak met 'n geknetter van vlamme inmekaar sodat die vonke soos 'n vuurreën die lug inskiet.

Die twee Korannas wat agtergebly het om Chris Louw en die vee in te wag, gaan 'n goeie dertig tree van die brandende huis af agter 'n hoop brandhout stelling inneem. Hulle trek van die hout half oor hulle en hul wapens sodat jy twee keer moet kyk om hulle raak te sien. Hul ryperde het hulle in die klipkraal met sy drie meter hoë muur, 'n steenwerp van die huis af, vasgemaak.

Die sestienjarige Chris Louw, wat die hele middag die wêreld platgery het agter sy pa se twee bulle aan wat saam met 'n paar koeie ver van die ander beeste af in 'n donga gestaan het, het eers huis toe koers gekry toe die son al begin water trek. Toe hy met die trop die skotige randjie oorkom, sowat 'n kilometer van die werf af, ruk hy sy perd verstom in. Bedrieg sy oë hom, of wat? Dit lyk dan vir hom kompleet asof die plaashuisie se dak makeer.

Hy los die trop beeste en gee sy perd die spore, sy oë stip op die huis gerig, sy hart die ene onrus.

Verstom hou hy later stil toe hy die afgebrande murasie aanskou. Sou die huis aan brand geraak het? Maar waar is sy mense dan? Chris, gedagtig aan die struweling tussen sy vader en Isak Meulenaar, raak nou baie onrustig en betrag die werf en omgewing agterdogtig, terwyl hy op 'n stappie nader ry.

,,Daar kom hy,'' fluister die een Koranna vir sy maat. ,,Wag totdat



hy hier by die huis kom, dan skiet ons sy perd onder hom neer. Dan het ons hom.''

,,Net so,'' brom die ander, sat van die ure se stillê en wag.

Chris nader die werf met 'n wye draai. Hy bekyk die murasie van alle kante. Jy weet nooit waar 'n vyand jou kan lê en inwag nie. Hy betrag die houthoop ook versigtig maar toe hy ook daar geen mens gewaar nie, sit hy sy sirkelgang voort sodat hy op 'n veilige afstand by die kraalhek kan inkyk. Hy wil net die perd ompluk om huis toe te ry toe hy een van die twee opgesaalde perde in die kraal gewaar. So, dink hy, dan wag julle my agter die kraalmuur in! Hy ry weer met 'n wye draai totdat hy reg agter die murasie is en toe gee hy sy dier die spore reguit murasie toe, waar hy reeds aan die agterkant dooies sien lê het.

Hy spring agter die naaste afgebrande muur van die perd af en sluip met woede, hartseer en wraak alles deurmekaar in sy hart, onder dekking van die mure nader.

Hy loer om die muur, en sien die lyke van sy vader en moeder en Wynand feitlik op 'n hoop lê. Trane blink in sy oë en hy klou met sy een hand aan die swartgebrande muur vas om nie flou te word nie, terwyl hy met die ander hand sy geweer vashou.

Hy vryf die trane uit sy oë uit en klem sy geweer vas asof hy die kolf wil papdruk. Waar is die vyand? Hy kruip om die muur, gaan plat op sy maag lê en tuur dan na die houthoop, dan na die kraal se kant toe.

Skielik dreun 'n geweerskoot en Chris sien 'n vuurstreep by die hout hoop uitslaan gevolg deur 'n harde slag agter hom soos sy perd in sy vier spore neerslaan waar hy agter die muur uitgestap het.

Chris lê aan en trek die sneller. Die Korannas en hy skiet feitlik tegelyk. Een koeël sing by sy oor verby maar die ander tref hom in sy skouer en ruk hom skoon om op die grond.

Hy skraap sy geweer, wetende dat as hy nie skiet totdat òf hy òf die vyand dood is nie, hy 'n aaklige uiteinde gaan hê, want Isak Meulenaar is wyd en syd bekend as 'n man wat graag sy vyande folter, veral dié wat hulle teen hom verset.

Terwyl die een Koranna op hom bly vuur, merk Chris uit die hoek van sy oog hoedat sy maat, wat intussen onder dekking van die hoop hout geretireer het, nou met 'n wye draai koers kry kraal toe. Sy plan is duidelik. Hy wil sy perd skraap, oor die veld jaag en Chris van agter bydam terwyl sy maat hom van voor besig hou. Hy los 'n skoot op die jong, maar danksy die steekpyn in sy skouer is hy so bewerig dat hy skaars die geweer kan vashou, laat staan nog netjies korrel. Elke skoot wat hy aftrek, stuur 'n nuwe vlaag van pyn deur sy

beseerde skouer soos die swaar geweer hom op die wond skop, so dat sy gesig verbleek van pyn.

Die stof slaan duskant die jong vas, maar sy maat skiet die wêreld om Chris so warm dat hy nie kans kry om weer 'n skoot af te trek op die ander jong voordat hy die beskutting van die kraal haal nie.

Chris voel dat die wêreld om hom begin swewe en terwyl hy op sy tande kners, korrel hy vir die soveelste keer na die houthoop en trek af. Die dowwe slag laat hom besef dat hy dié keer beslis raak geskiet het en toe die jong by die houthoop nie weer van hom laat hoor nie. skep Chris moed. Hy verskuif effens van posisie om die kraal dop te hou, dog terwyl hy nog probeer aanlê, word alles swart voor sy oë en val die geweer slap uit sy hande op die grond.

Die jong wat, perd in die hand, eers versigtig by die kraal uitloer, sien Chris skynbaar dood lê met die geweer langs hom en terwyl hy wreed gryns, trek hy sy jagmes uit sy leerband, los sy perd en stap op Chris af.

Skielik steek hy half verskrik vas, kyk op. wil omvlieg maar 'n skoot klap en hy slaan in sy spore neer, so dood soos 'n mossie. 'n Swart hings en 'n bruine kom oop oor die werf aangeseil terwyl die rookdampies nog by die bek van Kobie se geweer uitblaas. Kobie kies die wêreld links om die murasie terwyl Hanna regs om laat spaander, albei gereed om te skiet wat voorkom.

Terwyl Kobie op die houthoop afstuur, skiet hy die grond vuurwarm waar hy meen dat hy en Hanna 'n ruk gelede een skut gewaar het. Toe hy Donker bo-op die Koranna laat trap, is die jong reeds vol gate soos 'n sif hoewel Chris se koeël die een was wat hom bokveld toe gestuur het.

Nadat Kobie 'n draai by die kraal gemaak het, ry hy huistoe waar Hanna reeds langs die bewustelose Chris gehurk sit en sy wond probeer verpleeg.

,,Hier was net twee," sê Kobie en spring langs haar af, ,,ek bedoel natuurlik behalwe die res wat al weer laat spaander het."

,,Hy leef," sê Hanna toe Kobie na Chris knik, ,,dit lyk na 'n vleiswond. Is hier dalk nog ander oorlewendes?" vra sy sag agterna.

Hy skud sy kop. Een blik na die drie dooies was vir hom genoeg. ,,Nee, Hanna, maar ek wonder wat van die dogter Amelia, geword het. Daar voor lê oom Piet en sy vrou en sy seun Wynand. Die een hier is Chris, maar waar is Amelia?"

,,Dalk verbrand," meen Hanna. ,,Kyk solank onder die puinhoop, terwyl ek Chris probeer help, Kobie."

'n Halfuur later sê Kobie: ,,Nee, ek vind geen teken van 'n lyk van enige aard nie. Dit sal my nie verbaas as daardie Koranna-kaptein die



meisie ontvoer het nie."

,,Dan kon sy liewer gesterf het." Chris, wat intussen bygekom het en sy sinne vinnig bymekaar ruk, sê dit sag maar met klem.

,,Toe maar," paai Hanna, ,,as Isak haar het, gaan ons haar haal, dis al." Sy sê dit asof sy 'n uitstappie voorstel. ,,Intussen moet jy maar saam met ons na die ander boere kom en ons vertel wat hier in Langeberg gaande is, Chris."

,,Dis Kobie Ras," sê hy, ,,maar wie is Niggie?" Sy help hom orent en op sy voete.

,,Dis Hanna Fouché," sê Kobie, ,,die nooientjie wat so oulik kan skiet."

,,Wel, Hanna," sê Chris wat swaar teen haar perd leun, ,,as my arme suster in Isak se hande is, sal geen mens haar weer sien nie, want Isak se vesting, hulle noem dit Arendsnes, is eenvoudig onneembaar, selfs deur 'n hele laer. As. . ."

,,Wag nou," keer Kobie, ,,jy gaan op een van die Korannas se perde saam met ons terug. Ons ry op 'n stappie en dan vertel jy ons alles."

,,Dis miskien beter as hy wag totdat ons by die Duvenages kom," sê Hanna. ,,As hulle sy verhaal hoor, kan hulle miskien van plan verander, Kobie, en om die berg trek."

,,Om nou se dae hier deur te trek, oom Kobie is om selfmoord te pleeg," kom dit met klem van Chris wat met Kobie se hulp op die dooie Koranna se perd klim en taamlik onvas in die saal plaasneem.

,,Kom, dis seker nie so erg nie," paai Hanna toe die drie op 'n stappie wegtrek.

Chris kners op sy tande. ,,Hoe erg dit is, kan geen mens beskryf nie," merk hy op.

Hy het net een keer omgekyk na waar die plaashuisie gestaan het, maar niks gesê nie. Sy oë is droog maar daar is 'n vurige, byna koorsagtige glans in toe hy na Kobie kyk en sê: ,,Ek weet dit klink onsinnig maar ek gaan die Langeberg nie verlaat voordat ek my suster, dood of lewendig, terug het nie, al bly ek ook self in die slag."

,,Chris, jy sal vind dat jy nie alleen staan nie," sê Kobie sag en toe: ,,Kyk, jy moet maar uithou, al pyn die skouer. Ons moet vinniger aanstoot want Hanna en ek wil vannag nog verkenningswerk kom doen en dis aanstons donker." Hy trek Donker op 'n stywe galop en die ander twee volg sy voorbeeld.

Hulle haal die nou rotsagtige kloof in die berge toe die kranse al lang swart skaduwees weerskante oor die kloof werp.

Kobie trek die swart hings in. ,,Hanna, ry jy agter. Ek sal 'n ent voor ry met Chris in die middel tussen ons. Daar kan dwalende